
TEMMERS VAN DIE WOESTYN
No. 29
Vrees is my Erfenis
KROEG
braam le roux

Skielik ruk Koos sy rewolwer uit sy leerskede en dan tree hy vorentoe. Hy klop nie aan die deur nie, maar skop dit sommer oop. Hy betree die kamer, maar op daardie oomblik is Jurg soos 'n warrelwind by Wil verby. Lien vlieg vinnig van die bed af op toe Koos skielik hier voor haar staan, maar op daardie oomblik klap dit soos die geweerkolf met 'n menslike skedel kennis maak. Koos kreun, dan sak hy grond toe, maar hy vang aan die deurkosyn vas en wil hom omdraai, maar dan klap daar 'n sweep agter hom en 'n voorslag krul om sy nek. Wil ruk die sweep na agter toe en hy pluk Koos saam.
Die man val agteroor, maar slaag nog daarin om op te kom. Hy probeer skree, maar wat vir krete bedoel is, ontaard in steungeluide.

Stofomslag: Chris du Plooy

# TEMMERS VAN DIE WOESTYN




No. 29
Vrees is my Erfenis

braam le roux

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Bouval Langs die Spruit | 3 |
| 2. | 'n Tweede Waarskuwing | 25 |
| 3. | Ontmoeting by die Krater | 47 |
| 4. | Skote in die Mis | 70 |




# BOUVAL LANGS DIE SPRUIT

Lang, koel skaduwees strek reeds in die klowe uit. Hier tussen die berge is daar 'n verfrissende bries. Op die vlaktes skroei die son. Die twee ruiters ry in stilte voort. Die perde is pootseer maar hulle hou aan.

Vandat hulle die berge binnegegaan het, het die swye oor die twee persone neergedaal. Dit is asof hulle te moeg geword het om te praat.

Roux Naudé kyk skuins na die meisie hier langs hom op die perd en hy wonder wat in haar gedagtes omgaan. Is sy dalk al spyt oor haar naïwiteit? Verlang sy miskien terug na die plaas agter die Rooiberge waar sy lank saam met haar oom en haar twee neefs gewoon het?

Twee dae gelede het sy agter hom aangery; hom versoek om toe te laat dat sy saam met hom swerf. Dit was miskien te naïef. Hy het haar nie lank geken nie; net op sy swerftog lank genoeg stilgehou om vir haar en haar oom te verlos van die tirannie van 'n ou Italianer wat die berge in 'n slagveld omgeskep het.

Moekie Cillié lyk vir hom baie moeg. Haar bruin hare hang slordig oor haar skouers en die winde van die kalahari het haar van die helderheid van haar blou oë beroof. Haar lippe is droog, hoewel hulle 'n uur gelede langs 'n waterstroompie vertoef het.

Roux se perd begin teen 'n opdraande uitklouter. Die dier proes moeg. Moekie se perd stap nou agter. Die dier se kop hang en die wit sweetkolle slaan onder die saal uit.

Die perde beur manmoedig teen die steilte op. Los klippe rol onder hulle hoewe uit. Hier strek nou 'n dowwe paadjie voor hulle uit, en Roux weet dat hulle weer die beskawing nader. Hierdie paadjie is geen wildspaadjie nie. Dit is getrap deur troppe grootvee. Dit beteken dat hier boere in die nabyheid is en miskien 'n dorpie. Moekie ken die omgewing egter veel beter as hy en sy sal seker weet of hulle 'n dorpie nader.

Hulle volg die paadjie nou langs 'n droë loop op. Hier is darem volop skaduwee, want vaalbosse groei welig al langs die spruitjie.

Roux druk op die saalboom en draai hom om. Daar is 'n frons op

haar se voorhoof en Roux merk iets soos 'n pyntrek om haar lippe.

,,Dit is 'n beespaadjie hierdie, Moekie,'' kondig hy aan.

,,Ja,'' sug sy dit uit.

,,Weet jy miskien van 'n dorpie wat hier naby is?''

,,Ja, Danielskuil. Dit kan nie te ver wees nie, Roux.''

Hulle ry voort. Roux sien voor hom 'n poort in die berg. Van hier af is daar 'n groen skynsel in die poort te onderskei. Dit beteken dat die omgewing darem al vrugbaarder word. Die droë wêreld is al feitlik agter hulle rugge.

,,Daar in die poort sal ons kampeer, Moekie. Hou maar nog so 'n bietjie uit. Ek sien daar is baie bome.''

,,As ek reg onthou, is daar ook 'n rivier,'' vul Moekie aan.

Dan swyg hulle weer. Net die moeë perde proes telkens om die beurt, en los klippe rol steeds onder die hoewe van die diere uit.

,,Dit is nie eintlik dat ek so moeg is nie, Roux. Ek is net honger en ek. . . ek voel verskriklik vuil.''

,,Het jy dan gedink dat 'n mens op 'n swerftog veel tyd kry om te was en mooi aan te trek? Nee, soms is jy vuil en jou baard word lank en die mense dink dat jy 'n lui landloper is wat op aalmoesies wil leef.''

,,Toe maar, by die rivier sal ek my was en dan sal ek beter voel.''

,,Ja, hierdie lewe wat ek lei, Moekie, is nie vir 'n vrou bedoel nie. Ek hou daarvan om die wye wêreld in te trek en snags onder die blote hemel te slaap. Maar ek vertoef nie lank nie, want as ek oor die landskap staar, dan is dit of die verre horison my steeds roep, my daag om agter hom te kom inloer, en dan moet ek verder.''

Sy gee haar perd spore totdat hulle langs mekaar ry. Hy druk sy perd uit die paadjie sodat hare daarin kan stap.

,,Ek weet ek is 'n oorlas vir jou, digterlike swerwer. Ek hou ook daarvan om die wydtes in te trek, maar dan bereik ek 'n stadium dat ek weer wil gevestig raak, wil rus. Blykbaar voel jy nie daarna nie. Dit is of iets jou steeds jaag. Jy bly net lank genoeg dat mense jou nie moet leer ken nie. Maar verdra my maar nog net vannag, Roux. Ons is seker nie ver van Danielskuil af nie. Ek het 'n neef wat 'n groot lawaai is op Danielskuil. Hy het maande gelede aan my geskryf om te hoor of ek nie in hierdie geweste onderwyseres wil speel nie.''

,,Ek dink jy sal 'n goeie onderwyseres wees, Moekie. Ek sien jou al. Jammer ek kan nie ook gevestig raak op Danielskuil nie. Ek moet verder. Miskien sal ek rus as ek Kimberley bereik.''



Temmers van die Woestyn

,,Soms lyk dit vir my of jy vir iets vlug. . . vir iets wat jy vrees,'' merk sy skielik op.

Sy sien dat Roux vinnig na haar toe opkyk.

,,Jy bedoel ek vlug dalk vir die gereg. . . of oor 'n daad wat ek gepleeg het?''

,,Ja, wie weet wat met jou daar in Suidwes gebeur het. Net jy weet.''

Sy skerts nie sommer nie. Sy bedoel wat sy sê. Roux sien dit dadelik. Half vererg laat hy hoor:

,,Ek dag ek het jou daar by die waterval alles vertel—van die moord op een wat die naaste aan my was—en dat ek daarna net gevoel het dat ek wil wegkom, wegkom van die omgewing waar ons saamgewoon het, sodat ek kan vergeet, Moekie. En ek is besig om te vergeet.''

Dit lyk asof haar oë groter rek, asof dit skielik 'n helderder skynsel kry.

,,Bedoel jy dit, Roux?'' vra sy verwagtend.

,,Dit is waar. Ons het al drie aande saam in de veld geslaap, onder die sterre en blootgestel aan die wind en soms die koue. As ek al effens vergeet het, dan het jy deel daaraan, jou teenwoordigheid.''

Haar lippe plooi skielik in 'n bly glimlag.

,,Bedoel jy dit regtig?'' fluister sy. ,,Ek dag dan dat my teenwoordigheid jou verveel. . . dat jy liewer alleen wou wees.''

,,Nee. . . nee. . . Jy verveel my nie, Moekie. Ek is bly dat jy saamgekom het. Maar dit is net dat ek voel dat hierdie trek jou uitput. Dit is. . . dit is ook te gevaarlik vir jou om hier in die veld en tussen die berge saam met my rond te trek. Hier is vyandige swartes in hierdie gebied. . . Dan is daar wilde diere, en ons is net twee. Buitendien, jy kan nie dag in en dag uit saam met my trek net vir my plesier nie, Moekie. Jy is mooi en aantreklik.''

,,Snaaks, ek het nooit aan die gevare gedink nie en tot dusver het ons nog met geen gevare te kampe gehad nie. Natuurlik is ons maar net gelukkig.''

Die frons is egter nog op haar voorhoof. Daar is iets wat sy nie van Roux Naudé kan verstaan nie. Hy het haar al lankal die indruk

gegee dat hy vir iets vlug, iets wesenliks, nie die iets wat hy voorgee nie, naamlik dat hy maar net vooruit wil beur in 'n poging om die verlede te vergeet, sy jong vrou wat hom so wreed ontval het en die wreedheid van mense. Nou dink sy weer dat dit 'n wesenlike gevaar is wat hom uit Suidwes gedryf het, wat hom nou nog voortdryf, asof hy 'n groot stuk afstand tussen hom en die grens van Suidwes wil kry.

Ná 'n rukkie verbreek sy weer die stilte.

,,Roux, as jy begin vergeet. . . hoekom. . . hoekom bly ons nie albei hier op Danielskuil nie? My neef is ryk. Moontlik het hy vir jou 'n begin hier. Ons kan 'n nuwe lewe hier begin."

Hulle het ongemerk tot in die wye poort gery en Roux hou nou sy perd in. Die son is reeds besig om agter die bergspitse in te sak, en die luggie wat trek, is koel en verfrissend. Voor hulle is 'n digte bos, 'n groen bos, en Roux het reeds die kabbelende rivierwater agter daardie groen ruigte gehoor. 'n Oomblik gelede het 'n hartbees vinnig by hulle verbygespring om verder af tussen die bosse te verdwyn.

Roux spring flink van sy perd af. Vir 'n oomblik het hy sy moegheid vergeet. Hy stap na Moekie se perd toe en vra:

,,Is Danielskuil 'n mooi plekkie?"

,,Ja. . . ja, dit is 'n wonderlike gehuggie. Jy sien hierdie bergreeks van daar af en die plekkie is omring deur rotskoppies en groot spelonke. Daar is 'n diep kuil tussen die rotsstukke. Daarom heet die plek Danielskuil."

Sy laat toe dat hy haar afhelp. Sy gaan dadelik onder die takke van 'n groot kameeldoringboom op 'n rots sit en kyk hoe dat Roux haar perd afsaal en hom dan kniehalter.

,,Hoekom antwoord jy nie, Roux? Sal jy saam met my op Danielskuil uitspan, al vertoef jy net 'n paar dae en besigtig die wêreld. Roux, jy kan tog nie altyd net wil trek nie, in die saal boer nie. Jy is tog geen landloper nie."

Hy tel die saal van sy perd af en lê dit langs die ander een neer.

,,Nee, eendag sal ek gevestig raak. Bly jy maar op Danielskuil agter. . . Miskien kom ek later weer terug.

Hy gee die perde elkeen 'n raps en dadelik begin hulle van die sappige blare van die rosyntjiebosse pluk. Hulle wei in die rigting van die rivier, want hulle het die water reeds geruik.





Sy kyk hom weer stip aan, terwyl hy droë hout bymekaar begin soek. Sy wonder weer waarom hy nie tot rus wil kom nie. Drie nagte het sy saam met hom in die veld deurgebring. Verskeie kere het sy gesien hoe dat hy vinnig in die nag orent kom en dan die duisternis instaar, asof hy iemand verwag, asof 'n geluid of 'n vreesgedagte hom uit sy slaap gewek het. Sy het hom baie keer dan stip dopgehou. Dit is asof hy daarna nooit weer gaan slaap nie. Hy sit lank regop, stryk oor sy hare en staar lank en stip na die skaduwees wat hulle omring.

Sy ken hom nie lank nie, slegs 'n paar weke, maar sy hou van hom, meer as wat sy nog ooit van enige man gehou het. Hy is so dapper en so sterk, en was dit nie vir Roux Naudé nie, het Da Costa en sy manne vir haar, haar oom en haar neefs almal doodgeskiet.

Hy het daardie laat namiddag toe die skemer al gedaal het, soos 'n geheimsinnige uit 'n verre land by hulle uitgekom toe hulle 'n dooie in die kerkhof begrawe het. Hy het toevallig gebly om Da Costa se mag te breek, en toe wou hy weer gaan, geheimsinnig en skielik soos hy gekom het, en daarvoor moes sy 'n stokkie steek. Sy was nie meer lus vir die plaas nie, en sy het ook daarna gehunker om reg te kom en om vry en ongebonde te lewe. Maar hy is reg. . . dit is nie vir haar bedoel nie. Sy kan nie soos 'n naaldekoker aanhoudend in beweging bly nie, so asof jy soek en ook nie soek nie, asof 'n groot onrus jou voortjaag. Nee, sy wil êrens gaan bly en in gemeensaamheid saam met haar medemens leef en iets doen, iets opbouends, iets waarvoor jy 'n liefde het, soos skoolhou byvoorbeeld.

Sy weet dat sy lankal besluit het om op Danielskuil te gaan bly, maar sy wil graag hê dat hy ook moet ophou swerf. Sy weet hy is in staat om iets nuttigs te verrig, as hy maar net wil luister.

Sy kyk ingedagte hoe hy die groot stompe op 'n hoop sleep en dan die vuur begin aanpak. Sy bewonder sy slank en lenige liggaam. Sy kyk selfs bewustelik na die spel van spiere op sy voorarms. Hy is glad nie baie lank nie, seker maar so 1,7 meter, maar stewig en vlug op sy voete.

Toe hy die vuur klaar aangepak het, neem hy sy geweer op en dan vra hy:

,,As jy wil, kan jy saamstap tot by die rivier. Jy het gesê jy wil jou graag was. Dan gaan ek iets soek vir die pot voordat dit heeltemal

donker is."

Sy staan van die rots af op waarop sy gesit het, trek haar rok reg en blik onwillekeurig na die weste waar die son die los wolkies oranjerooi verkleur.

Hulle loop langs mekaar. Haar ledemate voel stram en seer. 'n Paar minute later betree hulle die digte doringbos. Die groen bome drom hier om die rivier saam. Hier groei hulle weliger en is ryker aan blomme as in die klowe en veral op die vlaktes wat hulle ver agter hulle gelaat het. Daar is 'n soet geur in die lug en sy weet dat dit afkomstig is van die doringstruike wat hier in bloei is.

'n Oomblik later bereik hulle die water. Die stroom kabbel oor los klippe, groot gladde klippe, en dit is duidelik dat die wilde diere hierdie oord hulle drinkplek gemaak het. Die water is helder, en onderkant die los klippe stort dit oor 'n klip in 'n kleinerige kuiltjie. Sy steek vas en kyk op na hom. Haar blou oë is ineens helderder.

,,Hoe wonderlik is die water nie, Roux! As jy belowe om 'n hele endjie te loop, is ek lus en spring in die water, swem."

,,Goed, ek loop na daardie rotse se kant toe. Ons moet iets hê vir die pot, al is dit nou 'n paar bosduiwe," en hy wys na die skilferende granietblokke wat tussen die bome uitsteek en waarop 'n klompie vet bosduiwe rinkink.

Skaars het hy sy rug op haar gedraai of sy glip agter 'n kwarriebos in en begin uittrek.

Roux loop tot by die rotse. Die bosduiwe maak geen aanstaltes om op te vlieg nie. Al wat hulle in hierdie buurt hinder, is die paar berghane wat soms kom kuier met die doel om hulle kleintjies uit hulle neste op te pik. Hulle skrik dus nie vir hierdie tweebeenwese wat onder sy breërandhoed opstaar na hulle toe nie.

'n Endjie van die duiwe af is 'n ribbokooi besig om water te drink. Ook sy is nie eintlik op haar hoede nie, want leeus is hier baie skaars. Snags hoor jy hulle nie eens brul nie. Tiers is wel volop, maar solank as die bosduiwe so lustig op die rots rinkink, kan daar onmoontlik nie ook 'n luiperd op loer lê nie. Dit gee Roux dus die geleentheid waarna hy kom soek het. Hy staan sommer uit die vuis en skiet. Toe die koeël klap, rol die bok om.

Roux voel bly dat hy so gou iets vir die pot gekry het. Hy swaai die bokkie oor sy skouer en stap sommer hier by die bosse uit, sodat hy vir Moekie, wat nou waarskynlik reeds in die water is, nie





steur nie.

Die skemerte maak nou skaduwees onder die bome, maar die lug is so koel en verfrissend dat Roux begin fluit. Af en toe neurie hy ook 'n liedjie wat ver-ver verlangens in hom terugbring, herinneringe aan dae toe hy agter die wa aangestap het met die sweep oor sy skouer; die dae toe sy pa hom geleer het hoe om die mauser te hanteer.

Minute later gooi hy die bok onder die boom neer waar die saal lê en waar die vuur reeds aangepak is. Eers kniel hy by die hout neer. Vuurhoutjies met hulle groot swaelkoppe is 'n luukse-artikel. Mens kry dit net in die groot-groot dorpe. Hy moet dus sy vuurslag te voorskyn haal. Dit duur egter nie lank voordat die eerste vonkie spat en die vlammetjie begin oplek nie. Weldra kraak die hout en die vlamme kletter. Nou begin Roux die bok afslag, en hy sny van die sagte boudvleis uit.

Ineens hoor hy 'n gil. Hy kom vinnig orent. Dit word reeds donker en op daardie oomblik val dit hom eers by dat Moekie alleen by die water is. Hy raap sy geweer vinnig op met sy bebloede hande en hardloop in die rigting van die groen bosse wat die rivier omsoom. Dit is nou die uur van die aand wanneer alles so bedrieglik voorkom. Sy oë sien bewegings raak wat nie daar is nie. Gestaltes verrys wat in werklikheid nie bestaan nie. Dit is die uur van die aand wanneer dit nie veel help as mens 'n lig byderhand het nie. Dit is nog nie heeltemal donker nie en die lig van die dag is nog nie heeltemal uitgedoof nie, 'n toestand tussen lig en donker.

Weer klink Moekie se geroep op. Hierdie keer ontwaar hy angs in haar stem. Hy bars tussen die takke deur en skielik steek hy vas.

Twee mans staan met hulle rugge na hom toe. Hulle is besig om luid te skaterlag. Die een het 'n bondel klere in sy hand, en Roux weet dadelik dat dit Moekie se klere is. Hulle staan 'n paar tree van die kuil af waarin Moekie swem. Net haar kop steek bokant die water uit. Haar oë is wyd gerek en bang. Sy skree weer, en hierdie keer noem sy Roux se naam.

,,O, so, jy het 'n maat hier! Karolus, ek dag jy sê dat jy die omgewing deurgekyk het?" vra die skraal man aan die plompe langs hom.

,,Die meisie is besig om jou om die bos te lei, Koos. Hier is niemand naby nie. Dit is net sy. Ek het net een perd tussen die

bosse gesien. Dink jy dat as sy 'n man by haar gehad het, hy nie by haar in die water sou gewees het nie?" skater die plompe dit skielik uit, en Roux kan die ander een saam hoor kekkellag.

Roux byt op sy onderlip. Hierdie manne het blykbaar geen ontsag vir 'n meisie nie. Hy hou sy geweer voor sy bors, maar bedwing hom. Hy moet nie oorhaastig handel nie. Elkeen van die twee mans dra 'n rewolwer in 'n leersak aan hulle regterheup. Hulle lyk vir hom albei woeste kêrels. Die kleintjie is miskien bietjie te vet, maar dit is duidelik dat hy volop spiere aan sy arms het.

,,Kom. . . kom," lok die grote die meisie met 'n sarkastiese, spottende klank in sy stem. ,,Kom, dametjie, kom haal jou klere en kom vertel ons waarvandaan jy kom."

Moekie se vrees sit om in woede.

,,Loop weg hier en laat staan my klere! Ek is nie alleen nie!"

,,Nee, jy is nie," spot die plompe. ,,Ons is ook hier, en as ek jou so in die water besigtig, sal dit vir jou moeilik wees om ooit weer sonder ons te wees."

Die twee skater dit weer saam uit van die lag.

Moekie swem na die wal toe en sy probeer 'n klip in die hande kry, maar sy slaag nie daarin nie. Dan begin sy weer te skree en roep.

,,Karolus, gaan haal haar daar uit," beveel die grote skielik.

Nou weifel die plomp mannetjie egter.

,,Koos, sê nou maar hier is dalk nog iemand? Ek het dalk verkeerd gekyk."

Met dié woorde swaai hy om, maar Roux het intussen reeds vinnig nader gesluip en toe Karolus se mond groot rek van verbasing, kom sy staalkoue stem gebiedend:

,,Staan net waar julle is, skurke, of julle albei is dood."

Vinnig swaai die grote nou ook om. Sy hand beweeg terselfdertyd blitsvinnig af na die kolf van sy rewolwer. Hy kry dit beet en soos blits ruk hy die wapen uit die leersak. Roux het sy geweer egter ewe vinnig opgeruk, skaars korrel gevat, maar toe die skoot klap, vlieg die grote se rewolwer uit sy hand en kletter teen die klippe neer.

Karolus se hand het ook na sy rewolwerkolf geskiet, maar nou bulder Roux:





Die plomp man ruk sy hand van sy rewolwer af weg en staar Roux verskrik aan.

,,Eintlik behoort ek julle nie te waarsku nie. Skurke soos julle behoort koelbloedig doodgeskiet te word."

Koos, die grootste van die twee, is besig om sy hand te vryf, en Roux sien nou dat daar bloed van sy duim afdrup. Die skoot het hom natuurlik net skrams getref.

Roux kom 'n tree nader. Die grote kyk hom hatig aan en die plompe deins effens terug.

,,Laat jou rewolwer op die grond neerval, vetsak," gebied Roux weer met sy vlymende stem.

Hy doen dit dadelik en Roux kom nog nader.

,,Neem die meisie se klere wat jou mede-skurk daar laat val het, en oorhandig dit aan die meisie in die water. Kom dadelik weer terug. Ek sal haar laat besluit of ek julle hier morsdood gaan skiet en of ek julle maar op Danielskuil sal gaan aankla. Julle is opperste skurke. Geen man verneder 'n meisie op hierdie wyse nie."

Die lange praat vir die eerste keer.

,,Gooi jy daardie geweer neer, dan sal ek jou wys wie 'n man is."

Roux kyk vlugtig op na hom, met veragting in sy staalgrys oë.

,,Miskien sal die meisie my toelaat om jou 'n deeglike opstopper te gee. Ons sal hoor wat sy te sê het oor julle gedrag. Intussen moet jy opsy staan, anders word ek dalk ongeduldig en jaag 'n koeël deur jou harspan."

Karolus het die klere reeds op die wal neergegooi en vinnig teruggedraai. Roux beduie hulle nou in die bome in en brommend stap die lange voor.

,,As jy weet met wie jy te doen het, sal jy daardie geweer vinnig laat val," probeer die lange hom bangpraat.

,,Ek weet met wie ek te doen het. Met een van die grootste boewe wat ek nog ooit teengekom het."

Tussen die bome beveel hy hulle om stil te staan. Roux staan reg agter hulle en hou elke beweging van hulle dop. Ná 'n paar minute raas die takke agter Roux, en toe hy omkyk, sien hy dat dit Moekie is. Sy is bleek in haar gesig en haar hare hang ongekam op haar skouers.

Sy stotter toe sy met hom wil praat, en Roux beveel die twee om verder te stap. Hy jaag hulle aan tot by die knetterende vuur.